# nuusbrokkies

**MOOI Uitsig primêr** se jaarlikse karnaval vind plaas op Vrydag en Saterdag **21 en 22 Februarie**. Daar sal stalletjies wees waar daar hope items gekoop kan word. Die pretpark sal almal vermaak. Toegang beloop R20 per persoon. Karnaval vind plaas op die skoolgronde. Elke besoeker kry gratis koeldrank by die hek. Op Dinsdag **18 Februarie** word Mnr. en Mej. Karnaval in die skoolsaal aangebied en toegang beloop R20 (Volwassenes en kinders). Kinders onder 5 jaar is gratis.

**DIE CANSA Relay For Life Witzenberg** vind plaas van **14-15 Maart 2020 op** Laerskool F.D. Conradie se velde, P.A. Hamlet. Dit is die tiende aflos en die organiseerders nooi almal uit om 'n span in te skryf. 'n Spankapteinsvergadering vind plaas op **Maandag 17 Februarie** om 19:00 in die Togryers Museum saal in Munnikstraat, Ceres. Daar is nog plek vir spanne. Skakel gerus vir Colette Gatyene by **078-780-3991** of Jadrey Skippers by **063-623-1525** om 'n span in te skryf.

**CERES Besigheids Inisiatief (CBI)** bied hul jaarvergadering op **27 Februarie** aan in die Ceresvallei kerksaal. Dr. Theuns Eloff sal sakelui toespreek oor: **Die pad vorentoe - Suid Afrika in 2020.** Die vergadering begin om 18:30 vir 19:00 met 'n ligte aandete. Bespreek voor of op **21 Februarie** by Jannie Conradie of stuur epos na manager@cerescbi.co.za.

**DIE Ceres gemeenskapspolisiëringsforum (GPF)** hou hul algemene jaarvergadering op **5 Maart** in die Togryers museum se saal. Nuwe GPF bestuurslede sal tydens dié vergadering verkies word. Vergadering begin om 18:00.

**BELANGRIKE wenk!** Inwoners wat klagtes of foute by Witzenberg munisipaliteit se noodnommers aanmeld of oor naweke inbel, moet vir 'n verwysingsnommer vra. Dit sal help om die klagte of fout vinnig op te volg en uit te vind wie dit hanteer het.

**BELANGSTELLENDES** wat graag die nuusbrief van die Vriende van die Togryers museum wil ontvang, moet Bertdene skakel by **(023) 312-2045**. Op die museumprogram is 'n uitstappie na Hamlet Meulhuis op **14 Februarie** en op **14 Maart** na Verlorenvlei en Matjiesfontein. Op **17 Mei** beplan die Vriende 'n uitstappie na Michellspas en gedenktekens. Die AJV vind plaas op **23 Julie**. Die Vriende van Afrikaans kom bied 'n voorleeswerkswinkel aan op **18 Februarie** van 09:00 tot 11:00. Deur die voorleeswerkswinkel wil die museum graag ouers, onderwysers en belangstellendes aanmoedig om 'n boekfluisteraar te word. Chareldine van der Merwe sal die aanbieder wees en die werkswinkel is gratis. Bespreek jou plek by **(023) 312-2045** of stuur 'n epos na togryersmuseum@gmail.com

**DIE departement van Binnelandse Sake** se kantoorure gedurende **Februarie 2020** by die Thusong sentrum is soos volg: Maandag tot Vrydag 07:30-18:30. Kantore is gesluit oor naweke. ID-aansoek sal voorkeur geniet. * Ander Binnelandse Sake kantore sal van 08:00 tot 18:30 oop wees.

**DIE Tulbagh gemeenskapspolisiëringsforum (GPF)** hou hul algemene jaarvergadering op **25 Februarie** in die Witzenville gemeenskapsaal. Nuwe GPF bestuurslede sal tydens dié vergadering verkies word.



*DIE groep personeellede het vanjaar by Bella Vista primêr aangesluit. VLNR: Kayleen Koopman, Miche Pharo, Eloise Muller, Merilene Hanse, Ilzé Erasmus, Michele Jooste, Liezl Jacobs en Leandré Muller.*



*BELLA Vista primêr verwelkom Johanna Nasson terug by die skool.*



*RUWAIDA Sauls (14) van P.A. Hamlet en 'n leerder aan Ceres Sekondêre skool, vertrek in Junie na Bulgarye waar sy aan die Miss Beauty Little Queen skoonheidskompetisie gaan deelneem. Sy was verlede jaar die tweede prinses, asook die Wes-Kaap wenner van die Mej. Diamond S.A. kompetisie in Potchefstroom. Indien daar enige indivdu, besigheid of organisasie is wat haar kan help om haar droom te bewaarheid sal dit waardeer word. Vir verdere navrae skakel Eddie by 083-475-7237 (alle ure) of Rachel by 078-707-7268.*



*OP 5 Februarie vanjaar is Wêreld Hardopleesdag gevier. Nalibali wil met die projek 2 miljoen kleuterskool-, skoolkinders asook nasorg-kinders bereik met Hardopleesdag. Sover is daar vir meer as 710 kinders in die Witzenbergstreek voorgelees.*


Kom en geniet 'n heerlike Griekse

Valentyns-Ete

14 Feb. 2020

om 19:00

R140 p/p

Houtkewer Wolseley

Romanse op die Griekse manier: Tzatziki / Kokinisto / Mouska / Spanakopita / Baklava en vele meer!

Bring eie alkoholiese verversings

Skakel (023) 231-0282 of 079-306-1042 vir navrae

Kaartjies ook beskikbaar by Houtkewer (Elroy).

Ten bate van: Huis Mostertshoek





HUIS MAUDIE KRIEL BIED AAN

**Valentines Drive-thru**

Plek: Huis Maudie Kriel

Datum: 13 Februarie 2020

Tyd: Etes kan afgehaal word vanaf 17:00 - 18:30

Prys: R65 per persoon

**Kaartjies by kantoor beskikbaar**

**Navrae ☎ (023) 312-1950 of admin.maudie@lando.co.za**





## MUNISIPALITEIT WITZENBERG: GRONDGEBRUIKAANSOEKE
## WITZENBERG MUNICIPALITY: LAND USE APPLICATIONS

Kennis geskied hiermee dat die aansoek hierna uiteengesit nou ter insae lê gedurende normale kantoorure in die kantoor van die Munisipale Bestuurder. Alle navrae moet aan die aansoeker gerig word. Besware en kommentaar, indien enige, moet skriftelik aan die Munisipale Bestuurder gerig word by Posbus 44, Ceres 6835 of Voortrekkerstraat 50, om hom te bereik nie later as die aangewese sluitingsdatum van die saak nie.

Notice is hereby given that the application listed below is available for perusal at the office of the Municipal Manager during normal office hours. All enquiries must be referred to the applicant. Comment and objections, if any, must be lodged in writing with the Municipal Manager, P.O. Box 44, Ceres 6835 or 50 Voortrekker St, to reach him before the indicated closure date of the case.

| Eiendom / Property | Ligging / Location | Aansoeker / Applicant | Aard / Nature | Verwysing / Reference | Sluitingsdatum / Closure date |
|---|---|---|---|---|---|
| Erf 1386, Ceres | 60 Lyell Street | J. Prins 083-560-0681 | Consent use in order to allow a place of entertainment (Bar/Pool/Dance) Vergunningsgebruik om die perseel vir 'n plek van vermaaklikheid aan te wend (Kroeg/Potspel/Dans) | 15/4/1/1/23 | 30 Dae |

**EAGLE TOWERS SA (PTY) LTD** **ENVIROAFRICA CC**

**NEMA PUBLIC PARTICIPATION PROCESS**

PROPOSED DEVELOPMENT OF A 35M HIGH TELECOMMUNICATION MAST ON PORTION 0 OF FARM UITKOMST NO. 343, LAASTEDRIF BOERDERY, CERES, WESTERN CAPE

Notice is hereby given of the intention to submit an application, and the public participation, process in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended ("NEMA"), Environmental Impact Assessment Regulations 2014. The proposed development of a 35m high telecommunication mast on Portion 0 of Farm Uitkomst No. 343, Laastedrif Boerdery, Ceres, Western Cape, and includes activities listed in terms of the NEMA EIA Regulations, 2014.

EnviroAfrica cc has been appointed by Eagle Towers SA (Pty) Ltd. to undertake the NEMA EIA Application for Environmental Authorisation process.

**Application for environmental authorization to undertake the following activities**:
Government Notice R324 (Listing Notice 3): Activity No. 3

**Project Description & Location**:
A telecommunications mast, including associated infrastructure, is proposed on Portion 0 of Farm Uitkomst No. 343, Laastedrif Boerdery, Ceres, Western Cape. The site is located within the Bo-Swaarmoed Area, Laastedrif. The site co-ordinates are **31° 17' 37.86" S, 19° 39' 1.89" E**.

**Public Participation**: Interested and Affected Parties ("I&APs") are hereby notified of the application and invited to register (in writing) and/or provide initial comments and identify any issues, concerns or opportunities relating to this project to the contact details provided below, on or before **23 March 2020**. In order to register or submit comment, I&APs should refer to the project name, and provide their name, address & contact details *(indicating your preferred method of notification)* and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have in the application. Please note that future correspondence will only be sent to registered I&APs. Also note that an electronic copy of the draft Pre-Application Basic Assessment Report (BAR) will be available on our website, **www.enviroafrica.co.za** under projects for public participation, by **23 February 2020**.

Please note that only Registered I&APs:
- will be notified of the availability of reports and other written submissions made (or to be made) to the Department by the applicant, and be entitled to comment on these reports and submissions;

You are also requested to pass this information to any person you feel should be notified.

**Consultant**: EnviroAfrica CC, P.O. Box 5367, Helderberg, 7135
Fax: 086-512-0154 / Tel: (021) 851-1616 / E-mail: admin@enviroafrica.co.za